



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydlike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het op 31 Maart 2016 die volgende Akademiepryse vir 2016 aangekondig.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, onderskeidelik in Pretoria (29 Junie) en Stellenbosch (7 Oktober) oorhandig word.

ERELIDMAATSKAP

Die Erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is toegeken aan **prof. Adam Small**.

Erelidmaatskap is die hoogste toekenning van die SA Akademie.

HERTZOGPRYS VIR PROSA

Die Hertzogprys is die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Die prys is beperk tot oorspronklike letterkundige werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt toegeken vir poësie, drama en verhalende prosa in dié volgorde. Vanjaar was dit vir prosa. Die prys word toegeken op aanbeveling van die Akademie se Letterkundekommissie.

Die Hertzogprys word vanjaar toegeken aan **Willem Anker** vir *Buys: 'n Grensroman*.

M.T. STEYNMEDALJE VIR NATUURWETENSKAPLIKE EN TEGNIESE PRESTASIE

Die medalje word toegeken aan 'n kandidaat vir sy skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking(s) van die natuurwetenskap of die tegnologie. Dit moet as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die natuurwetenskap of die tegnologie beskou word, en moet suksesvol toegepas word in landsbelang. Die prys word beskou as die kroon op 'n lewenstaak en kan daarom slegs een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die medalje word vanjaar toegeken aan **prof. I.G. (Ivan) Horak**, emeritus professor, Departement Veeartsenykunde, Onderstepoort.

Prof. Horak is 'n wêrelddeskundige oor bosluise en parasiete by diere. Hy het veral ten opsigte van die studie van bosluise 'n groot bydrae gemaak wat nie net akademies waardevol is nie, maar wat ook 'n basis vorm met kwalik berekenbare waarde vir die hele Afrika, asook groot implikasies op die vee- en wildbedryf-industrieë het.

FRANS DU TOITMEDALJE VIR BEDRYFSLEIDING

Die medalje word driejaarliks toegeken vir bedryfsleiding. Die volgende geld by die oorweging van 'n kandidaat:

- Skeppende bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfslewe.
- Volgehoue uitbouing oor 'n lang tydperk van die terreine waarop begewe is.
- Leiding op bepaalde terreine en die besieling wat daar van die persoon uitgegaan het om die gebied verder te ontwikkel. Die prys word as 'n kroon op 'n lewenstaak beskou en kan slegs een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **dr. Johan van Zyl** van Kaapstad.

Dr. Van Zyl se loopbaan getuig van 'n persoon wat aanvanklik in die landbousektor 'n bydrae op nasionale sowel as internasionale vlak gelewer het. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfswese kan gesien word in sy omvorming van Santam en SANLAM. Laasgenoemde het hy vanaf 'n betreklike klein basis tot 'n internasionale groep van maatskappye uitgebou. Aanvanklik was SANLAM hoofsaaklik op die wit Afrikaanse mark gerig, maar met vindingryke stappe kon dr Van Zyl daarin slaag om 'n padkaart uit te werk en in werking te stel om nuwe marksegmente oor verskeie geografiese areas te betree. Dr. Van Zyl het die afgelope aantal jare wyd erkenning gekry vir sy sukses as sakeleier.

DELEEN BEKKERPRYS VIR BESTE DRAAIBOEK VAN 'N TV-DRAMA IN AFRIKAANS

Die prys kan jaarliks toegeken word en roteer soos volg:

- Dokumentêre TV-draaiboek in Afrikaans.
- Draaiboek vir rolprent in Afrikaans.
- TV-draaiboek vir Afrikaanse drama, hetsy 'n enkel drama of een episode uit 'n reeks wat vanjaar aan die beurt is.

Die prys word vanjaar toegeken aan **Paul C. Venter** vir *Vlug na Egipte* (episode 3) en *Terug na Egipte* (episode 6).

Die draaiboek dien as basis vir 'n boeiende en ongewone storie wat in 'n Karoodorpie afspeel. Hoewel die milieu nie nuut is nie, slaag die skrywer daarin om die kleindorpse politiek en karakterverhoudinge binne die gemeenskap op 'n vars manier voor te stel. Die verhaal boei deur die uiteenlopende, volronde karakters elk met eie eksentriekhede. Uit die spelers se oogpunt bied die teks uitdagings wat verhoed dat die karakters in eendimensionele tipes verval. Die draaiboek skep geleentheid vir elke speler om as 'n komplekse karakter met unieke doelstellings, met eie geite in handeling en dialoog te ontwikkel. Die genomineerde episodes is albei onthoubaar en getuig van 'n besonder vernuftige draaiboek.

HUBERTE RUPERTPRYS VIR KLASSIEKE MUSIEK

Die prys kan jaarliks toegeken word en roteer in die volgende volgorde:

- Instrumentaliste (klawer-, blaas-, snaarinstrumente, ens.) Blaasinstrumente (fluit, trompet, ens.) of aan kunstenaars wat die volgende bespeel: Klawerbord (orrel, klavier, klawesimbel) of strykers (viool, ens.)
- Sangers;
- Opleiers/onderwysers van klassieke musiek (kundiges, beoordelaars en organiseerders ingesluit);

Vanjaar was dit vir 'n uitvoerende kunstenaar en word toegeken aan die pianis, **Ben Schoeman**.

Ben Schoeman geniet op 32-jarige leeftyd reeds wye aansien, nasionaal en internasionaal. Oor die afgelope paar jaar het hy meer as 60 uitvoerings met simfonie-orkeste gegee, en ruim 150 solo- en kamermusiekuitvoerings in van die belangrikste konsertsale in Europa, die VSA,

Kanada en Suid-Afrika. In 2009 ontvang hy in die Queen Elizabeth Hall in Londen die eerste prys en Goue Medalje tydens die Royal Over-Seas League se jaarlikse musiekkompetisie vir Statebondslende. Hy ontvang ook die ROSL-toekenning vir beste klawerbordmusikus, die Lorna Viol Gedenktoekenning vir die beste oorsese musikus en die Liszt Vereniging prys. In 2012 ontvang hy die Ibla Grand Prize Competition in Ragusa-Ibla, Sicilië. 'n Deel van die prys was om 'n konsertuitvoering in die Carnegie Hall, New York te gee. Hy is ook die wenner van verskeie spesiale pryse by die Leeds, Scottish en die Cleveland internasionale klavierkompetisies.

GOUE AKADEMIEMEDALJE

Die medalje word toegeken vir verdienstelike werk op die gebied van die natuurwetenskap, tegnologie of die geneeskunde. Die prys kan driejaarliks toegeken word.

Die medalje word toegeken aan **prof. M.J. (Michael) Samways**, Uitgelese professor en Akademiese Prinsipaal aan die Departement Bewaringsekologie en Entomologie, Fakulteit Agri-Wetenskappe, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Samways word vereer vir sy uitstaande navorsingsrekord in verskeie diverse velde en in uitnemende wetenskaplike publikasies en vir sy praktykgerigte toepassing van navorsing tot voordeel van die mensdom. Ook vir sy hoëvlak gemeenskapsdiens, spesifiek deur breedvoerige interaksie met die korporatiewe sektor en bewaringsorganisasies word die medalje aan hom toegeken.

GUSTAV PRELLERPRYS VIR LITERATUURWETENSKAP EN LETTERKUNDIGE KRITIEK

Die prys is al om die drie jaar beskikbaar vir literatuurwetenskaplike werk in Afrikaans, met inbegrip van letterkundige kritiek.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Louise Viljoen**, verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch.

STALSPRYS

Die prys word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies, by voorkeur in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word.

Stalsprys vir Geskiedwetenskappe

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. E.L.P. (Ernst) Stals**, navosingsgenoot aan die Geskiedenisdepartement, Universiteit van Stellenbosch. Prof. Stals woon tans in Windhoek, Namibië.

Die prys word toegeken vir sy omvattende en volgehoue intensiewe navorsing oor aspekte van die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië, sy spesialiteitsnavorsingrigting oor die afgelope meer as 'n halwe eeu. 'n Groot aantal publikasies van besondere histories-wetenskaplike gehalte en multi-dimensionele aard, het uit sy navorsing voortgevloei wat hom vandag 'n gesaghebbende historikus oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika/Namibië maak, veral betreffende die Duitse koloniale tydperk. Prof. Stals word veral vereer vir sy kultuurhistoriese studie *Môrewind oor die Karasberge: 'n Kultuurhistoriese verkenning van die laat negentiende eeu* wat 'n hoogtepunt van prof. Stals se geskiedskrywing is.

Stalsprys Politieke Wetenskap

Die prys word toegeken aan **prof. D.J. Geldenhuys**, verbonde aan die Departement Politiek en Internasionale Verhoudinge, Universiteit van Johannesburg.

Prof. Geldenhuys ontvang die prys vir sy bydrae oor vier dekades tot die vakgebied van Politieke Wetenskap, en in die besonder tot die ontwikkeling van Internasionale Verhoudinge as 'n dissipline in eie reg. Erkenning word gegee vir sy toegewyde betrokkenheid as vakkundige by die uitbouing van internasionale verhoudinge binne die akademie in Suid-Afrika en sy internasionale bydrae tot kennisbou op die gebied van buitelandse beleid en buitelandse verhoudinge.

Stalsprys vir Ekonomie

Die prys word toegeken aan **prof. Estian Calitz**, emeritus professor in Ekonomie, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Calitz het gedurende sy akademiese loopbaan 'n buitengewone bydrae tot die wetenskapsbeoefening van Ekonomie as vakgebied gemaak en het die land in besonder op die gebied van die ekonomie gedien. Hy is bekend as een van die vernaamste ekonome in Suid-Afrika en is 'n uitstekende navorser met 'n bewese publikasierekord. Prof. Calitz word veral vereer vir sy bydrae in die Owerheidsekonomie en Owerheidsfinansies, asook die wyse waarop hy sy akademiese kennis in diens van Suid-Afrika aanwend

HAVENGAPRYS

Die Havengaprys is 'n jaarlikse prestigeprys wat toegeken word vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Havengaprys vir Lewenswetenskappe

Die prys word toegeken aan **prof. A.M. (Alvaro) Viljoen**, verbonde aan die Departement Farmaseutiese Wetenskappe, Tshwane Universiteit van Tegnologie, Pretoria.

Prof. Viljoen is een van die leidende wetenskaplikes in die veld van medisinale en aromatiese plante in die wêreld. Hy het op betreklik jong leeftyd al meer as 80 nagraadse studente opgelei en bykans 200 publikasies in leidende internasionale wetenskaplike tydskrifte gelewer.

Havengaprys vir Gesondheidswetenskappe

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Robert Pattinson**, verbonde aan die Departement Obstetrie en Ginekologie, Kalafong Hospitaal, Universiteit van Pretoria.

Prof. Pattinson is een van min leiers op die gebied van Perinatologie in Suid-Afrika. As direkteur van die Mediese Navorsingsraad (MNR) is hy nou betrokke by die vestiging en bestuur van verskeie navorsingsprojekte in Suid-Afrika. In 2000 is die Perinatale Probleem Identifiseringsprogram ontwikkel wat 'n databasis skep vir perinatale sterftes in Suid-Afrika. Hierdie databasis het 'n waardevolle bron geword waarvolgens perinatale sterftes in Suid-Afrika gemonitor word. Internasionaal was prof. Pattinson nou betrokke by die stilgeboorte reeks van die *Lancet*, die WGO se klassifikasie van moedersterftes en die Kangaroo moedersorgprogramme in Ghana en Malawi.

DS. PIETER VAN DRIMMELENMEDALJE

Die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje word toegeken vir aktiwiteite soos Bybelvertaling, teologiese handboeke in Afrikaans vir gebruik deur universiteitstudente, gepubliseerde

preekbundels, godsdiensonderwys en die skryf, vertaling, toonsetting en bywerking van Afrikaanse Psalms en Gesange.

Die prys word toegeken aan **prof. H.C. (Hermie) van Zyl**, navorsingsgenoot, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat.

Erkenning word veral aan prof. Van Zyl gegee vir sy bydrae ten opsigte van die Afrikaanse Bybelvertaling. Hy was ook betrokke by die Verwysingsbybel, die Afrikaanse Bybel vir Dowes en die direkte vertaling van die Bybel.

TOTIUSPRYS VIR TEOLOGIE EN DIE STUDIE VAN DIE GRONDTALE VAN DIE BYBEL

Die Totiusprys kan driejaarliks toegeken word vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies in Afrikaans oor die Christelike teologie en/of die studie van die grondtale van die Bybel.

Die prys word toegeken aan **prof. J.M. (Koos) Vorster**, emiritus professor van die Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Prof. Vorster word vereer vir sy uitgebreide reeks publikasies in Afrikaans; sy navorsing op die terrein van die politieke teologie en die rol van die kerk in Suid-Afrika in 'n oorgangstydperk; sy uitbouing van 'n sosiaal-betrokke etiek op reformatoriese grondslag; en sy navorsing oor die kerk, 'n regstaat en fundamentele menseregte.

PROTEA BOEKHUISPRYS VIR BESTE GEPUBLISEERDE BOEK IN AFRIKAANS OOR GESKIEDENIS OF KULTUURGESKIEDENIS

Die prys kan jaarliks toegeken word en roteer soos volg:

- Beste gepubliseerde werk in Afrikaans.
- Beste M-verhandeling in Afrikaans.
- Beste D-proefskrif in Afrikaans.

Die prys word toegeken aan **Carel van der Merwe** vir *Donker stroom. Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog*.

Carel van der Merwe is 'n formidabele skrywer en navorser. Hiervan getuig sy vermoë om, ten spyte daarvan dat Eugène Marais as onderwerp van vele studies al deurtrap is, steeds daarin te kon slaag om 'n boek van 531 bladsye te skryf en te fokus op aspekte van Marais se lewe wat voorheen nog nie deeglik deurgrond is nie. Die boek is 'n belangrike toevoeging tot die historiografie van nie net Eugène Marais nie, maar ook van daardie republikeinse burgers wat hulself in 'n emosionele wroeging ten opsigte van hulle steun, aldan nie, aan die republikeinse saak tydens die Anglo-Boereoorlog bevind het.

EUGÈNE MARAISPRYS

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. Stephanus Muller** vir *Nagmusiek*,

SCHEEPERSPRYS VIR JEUGLITERATUUR

Die prys word toegeken vir die bevordering van hoogstaande Afrikaanse jeugliteratuur wat van goeie letterkundige en/of opvoedkundige gehalte getuig.

Die prys word toegeken aan **Marita van der Vyver** vir *Swemlesse vir 'n meermin*.

ALBA BOUWERPRYS VIR KINDERLITERATUUR

Die prys word toegeken vir enige literêre werk in die kategorie kinderliteratuur d.w.s. die groep lesers van sewe tot twaalf.

Die prys word vanjaar toegeken aan **Kobus Geldenhuys** vir *Hoekom die walvisse gekom het*.

EREPENNING VAN DIE AKADEMIE

Die Akademie se Erepennig gee erkenning, binne die doelstellings van die Akademie, aan besondere prestasie op terreine wat nie suiwer letterkundig of wetenskaplik is nie.

Erepennig vir 'n Televisiedrama in Afrikaans.

Die Erepennig word toegeken aan die regisseur, **mnr. John Trengove** vir *Swartwater* (Episode 1).

Swartwater is verfilm in die vissersdorpie Arniston met addisionele verfilming in Johannesburg. Die struktuur van die film is puik. Die byklanke, effekte en kameraskote is gepas en dikwels innoverend. Die roerende, eerlike spel van die karakters getuig van die artistieke integriteit waarmee hulle hul taak aangepak het. Dié episode getuig van vermyding van die melodramatiese spel sonder om die hoë vlak van dramatiese en geloofwaardige spel in te boet. Die sterk en slim regisseurshande en die vernuf van die tegniese span wat betrokke was by die verfilming van *Swartwater*, was deurslaggewend by die toekenning van die prys.

Erepennig vir Visuele Kunste

Die Erepennig vir Visuele Kunste (beeldhoukuns) word toegeken aan **Maureen Quin**.

Hierdie bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar geniet reeds sedert die tagtigerjare plaaslik en internasionaal groot aansien vanweë haar voortreflike beeldhoukuns en die uitvoer van openbare opdragte. Maureen Quin word tans beskou as een van Suid-Afrika se mees begaafde senior beeldhouers. Haar skerp waarnemingsvermoë en klassieke opleiding het altyd 'n deurslaggewende rol in haar beeldhoukuns gespeel. Haar werk word veral deur twee belangrike faktore beïnvloed – die natuur en die menslike figuur. Alhoewel sy geïsoleerd van die hoofstroomkunsentrums in die land werk, bly haar beeldhouwerk relevant en aktueel en toon dit deurlopend 'n indiepte-onderzoek na die vorm en gees van die mens in Afrika.

Erepennig vir Rolprentkuns

Die Erepennig vir Rolprentkuns word vanjaar toegeken aan **Katinka Heyns**.

Katinka Heyns word beskou as die mees prominente Afrikaanse vroulike regisseur in die Afrikaanse filmgeskiedenis. Sy bedryf haar professie met onderskeiding en druk 'n besondere stempel op die Afrikaanse film- en vermaaklikheidsbedryf af. Haar rolprente vul 'n besondere nismark in die Afrikaanse kunsfilmgenre en verskuif grense in dié sin dat haar werk oorspronklik is en voortdurend verras met unieke onderwerpe. Haar regie- en filmtegnieke spreek van besondere artistieke visuele bekwaamheid.

Erepennig van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek

Hierdie Erepenning word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van die besondere vakgebied en kan net in uitsonderlike gevalle toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. Annemarie Oldewage**, Hoof van die Departement van Dierkunde, Universiteit van Johannesburg.

Prof. Oldewage se navorsing fokus op vis-parasiete en die gebruik daarvan as wagle vir water gehalte. As 'n akademikus word prof. Oldewage gerespekteer. Sy was president van die Parasitologiese Vereniging van suider-Afrika en die voorsitter van die Afdeling Biologiese Wetenskappe van die SA Akademie. Sy dien op die redaksionele paneel van drie vaktydskrifte en is 'n paneellid vir die toekenning van verskeie gesogte medaljes en toekennings, nasionaal sowel as internasionaal.

Besondere Erepenning van die Akademie

Die Erepenning word toegeken aan **dr. Renata Coetzee** van Kaapstad.

Die Erepenning is aan dr. Coetzee toegeken vir haar lewenslange bydrae tot internasionale bewustheid, kennis en waardering vir die koskultuur-erfenis van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika..

Besondere Erepenning van die Akademie

Die Erepenning is toegeken aan **me. Karen Meiring**, MNet se direkteur van Afrikaanse TV-kanale.

Me. Meiring bevorder oor dekades op besondere toegewyde wyse Afrikaans binne die vermaaklikheidsbedryf as uitvoerende kunstenaar, en ook deur verskeie bestuursprojekte. Sy styg uit as waarskynlik een van die bekwaamste kunste-administrateurs in die land. Oor die jare dien sy in die direksies van verskeie kunstefeeste, musiekstigtings en kunste trusts.

DOUW GREEFF-PRYS

Die prys word toegeken vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* gedurende die jaar wat die prys voorafgaan, gepubliseer is.

Die prys word toegeken aan **proff. A.J. Reinecke en S.A. Reinecke en me. Mia van Wyk** van Stellenbosch vir hulle artikel "Kan die gevoeligheid van grondlewende organismes bydra om die volhoubaarheid van landbewerking van olieraffinadery afval te beoordeel?" in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, vol. 34, no. 1 (2015).

ESTHER GREEFF-PRYS

Die prys word toegeken vir 'n artikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het.

Die prys word toegeken aan **prof. H.E.J. (Helize) van Vuuren** vir haar artikel "*Passacaglia* van J.S. Bach en *Das Passagen-Werk* van Walter Benjamin – literêre montage as mosaïekwerk in *Memorandum. 'n Verhaal met skilderye* (2006)" in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):505-523 (Sept 2014).

JUNIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE (Dierkundige Wetenskappe)

Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling ingedien by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad, om die beurt in die dierkundige of plantkundige wetenskappe. Vanjaar is dierkundige wetenskappe aan die beurt.

Die medalje word toegeken aan **me. Lindi Steyn**, verbonde aan die Universiteit van Johannesburg.

POORT-PRYS

Die prys word toegeken aan:

Prosa: **Annemarie Wüst** van die Hoërskool Stellenberg vir *Seisoene van verandering*.

Poësie: **Alet Janse van Rensburg** van die Hoërskool Cradock vir haar gedig *Wie laaste lag*.

Dr. Dionē Prinsloo
Hoof Uitvoerende Beampte

Tel.: 086 133 3786

Selfoon: 082-464 6953

E-pos: dprinsloo@akademie.co.za